

12 Oktober

Psalm 121; (Teks: Vers 2)

God kan ons help

God is die enigste Een wat ons kan help onder alle omstandighede. Hy kan, want Hy is die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde (vers 2). Alle mag in die hemel en op aarde behoort mos aan Christus.

Hierdie Psalm is 'n gebed in die vorm van 'n lied wat die volk van God op pad gesing het - 'n bedevaartslied. Op gevaarlike paaie voel hulle veilig en gerus in God se Hande. Want God BESKERM hulle. Nie minder nie as ses keer in hierdie Psalm word van God se beskerming gepraat.

Psalm 121 leer ons drie dinge:

- God is altyd wakker, weet alles en ken ons omstandighede deur en deur (verse 3, 4).
- Hy is die skaduwee aan jou regterhand. Hy is onlosmaaklik by ons (1933/53-vertaling vers 5). Sy Gees is in elke gelowige.
- Hy is ons bewaker en beskermer wat vir ons sorg.

Op die gevaarlike lewenspad waarop elke mens beweeg, weet ons wat glo dat God ons omstandighede ken, dat Hy altyd by ons is en vir ons sorg. Dit is besondere troos vir elke gelowige. Ja, niks kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Sing: Psalm 23:1, 2

Ds. W Vogel (Welkom)